ECHO OF HIS CALL

EGGO VAN SY ROEP

India's National Spiritual Newspaper — AFRIKAANS ₹ 10/-

Maandeliks uitgegee in ENGELS, TAMIL, MALAYALAM, TELUGU, HINDI, MARATHI, KANNADA, BENGALI, GOEDJARATI, ODIYA, ASSAMEES, PUNJABI, NEPALI, URDU, SINGALEES & AFRIKAANS

Redakteur: **S. SAM SELVA RAJ** — **- In 16 Tale** — ***Mederedakteur:*** **Sr. Marietjie Nelson**

Vol. XIV **Die Jaar van ons Here Jesus Christus, NOVEMBER 2020** **No. 6**

DIE HEILIGE SKRIF

Memoriseer asseblief hierdie gedeelte.

MATTHEW 6:1-8

1. "Moenie julle godsdienstige pligte in die openbaar nakom om deur mense gesien te word nie, want dan kry julle geen beloning van julle Vader wat in die hemel is nie.
2. As jy byvoorbeeld armes help, moet dit nie uitbasuin nie. Dit doen die skynheiliges in die sinagoges en op straat, sodat mense met lof van hulle kan praat. Dit verseker Ek julle: Hulle het hulle beloning klaar weg.
3. Nee, as jy iets vir die armes gee, moet jou linkerhand nie weet wat jou regterhand doen nie,
4. sodat jou goeie daad verborge kan bly. Jou Vader wat sien wat verborge is, sal jou beloon.
5. Verder, as julle bid, moet julle nie soos die skynheiliges wees nie. Hulle hou daarvan om in die sinagoges en op die straathoeke te staan en bid sodat die mense hulle kan sien. Dit verseker Ek julle: Hulle het hulle beloning klaar weg.
6. Nee, as jy bid, gaan na jou kamer toe, maak die deur toe en bid tot jou Vader wat jy nie kan sien nie. Jou Vader wat sien wat verborge is, sal jou beloon.
7. Wanneer julle bid, moet julle nie soos die heidene 'n stortvloed van woorde gebruik nie. Hulle verbeel hulle hulle gebede sal verhoor word omdat hulle baie woorde gebruik.
8. Moet dan nie soos hulle maak nie, want julle Vader weet wat julle nodig het, nog voordat julle dit van Hom vra.

BID GEDURIG!

Doen dit alles biddend en smeek God by elke geleentheid deur die Gees. Wees waaksaam en bid gedurig vir al die gelowiges (Efesiërs 6:18).

(Boodskap gelewer deur Pastoor Sam Selva Raj in die Moederkerk)

Die brief aan die Efesiërs is deur Paulus geskryf terwyl hy in die tronk in Rome was in 62 n.C. Hy moedig ons aan om gedurig met volharding en smeking te bid. Hy wil hê ons moet bid selfs wanneer ons teëstand ondervind. Gebed is die krag wat die hand beweeg wat die wêreld beweeg Dit is 'n ernstige versoek aan God deur danksegging. Paulus gee die volgende raad: "Moet oor niks besorg wees nie, maar maak in alles julle begeertes deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend. En die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, sal oor julle harte en gedagtes die wag hou in Christus Jesus." (Filippense 4:6-7). As ons alles voor God bring in gebed en smeking, sal die vrede van God ons harte en gedagtes bewaak. Wanneer dit in 'n mens se lewe gebeur, sal geen kwaad sy/haar hart binnedring nie.

Sommige mense dink dat gebed tot God gerig kan word op 'n spesifieke tyd per afspraak wanneer daar 'n behoefte is en dat ons nie

... verv. op bls. 3

Online Sunday Services in ECHO OF HIS CALL YouTube Channel ENGLISH to HINDI & ENGLISH to TAMIL

Our Online Church Services are streamed from 10.00 A.M. every Sunday as two messages, English & Tamil and English & Hindi on YouTube through our Channel **Echo of His Call.** You are cordially welcome to join us any time, subscribe it and share them to others. This is a free service.

Pr. S. SAM SELVA RAJ

ECHO OF HIS CALL - 2019 - GOLDEN JUBILEE YEAR

OUR MISSION POLICY

Wees gerus en gaan nou maar. Die God van Israel sal aan jou gee wat jy van Hom afgesmeek het

(ENGELS, TAMIL, MALAYALAM, TELUGU, HINDI, MARATHI, KANNADA, BENGALI, GOEDJARATI, ODIYA, ASSAMEES, PUNJABI, NEPALI, URDU, SINGALEES & AFRIKAANS MAANDBLAD)



"He does great things, and unsearchable, marvelous things without number" (Job 5:9).

Liewe Broers en Susters in die Here,

God sê, "Sê vir die regverdiges met húlle sal dit goed gaan; hulle sal die vrug van hulle dade geniet" (Jesaja 3:10).

Gedurende hierdie dae van groot rampe en ontsteltenis dwarsdeur die wêreld, beloof en gee ons Here God Jesus Christus hoop en beskerming aan sy regverdige mense. God beplan iets wat vir jou goed sal wees! Ek voel in my gees dat iets goeds met jou sal gebeur in hierdie maand. Glo Hom vir 'n wonderwerk. Jou moeilike dae sal van jou wyk. Ek het 'n werklike las oor jou welstand. Ek neem jou elke dag na die Troon van Genade in Gebed en dring by die Here aan om aan jou goed te doen.

Ek dank julle dat julle saam met my in die bres staan tussen God en die mense van die hele wêreld. Ek bid ook gedurig en werk hard sonder ophou vir die redding en welstand van die mense oor die wêreld.

Ek kry ook terugvoer van mense vanoor die hele wêreld dat baie mense hulle nog steeds verhard voor die Lewende God selfs nadat hulle die verskriklike vernietiging gesien het wat oor die wêreld plaasvind. Hulle harte is verhard soos die farao van Egipte s'n. God het telkens die hart van farao verhard want hy het nie die mense van Israel toegelaat om die land te verlaat nie (Eksodus 9:12, 7:13, 4:21, 11:10).

Die Christene van vandag is *meesal tevrede om tuis te bly en die aanlyn Kerkdienste te volg en doen nie moeite met Kerklike aktiwiteite* nie. Ons kan nie getuies wees van hoe mense sondebelydenis doen en nader aan die Here God kom nie. Maar een ding is seker, die verantwoordelikheid vir die verspreiding van die evangelie in die wêreld rus op die skouers van ons wat Christene is. As ons onbeweeglik bly, moet die wêreld groter vernietiging en verwoesting die hoof bied. God Se Woord is baie duidelik (2 Kronieke 7:14).

"AS
MY MENSE (Christene)
WAT OP MY NAAM GENOEM WORD (Christene)
HULLESELF VEROOTMOEDIG
EN BID
EN MY AANGESIG SOEK
EN WEGDRAAI VAN HULLE VERKEERDE WEë

dan sal Ek luister uit die hemel en hulle sonde vergewe en hulle land laat herstel". Daar is geen ander weg nie.

CHIEF EDITORS
Pastor S. Sam Selva Raj
Angeline Selvakumari Henry, M.A., M.Ed.

MANAGING EDITOR
Pastor Alex Samson Sam, B.Th.,M.Div.

ADMINISTRATION
Bro. N. Prakasam, M.A., General Manager

EDITORIAL BOARD
Sis. Jesy Veena Sam
Bro. M. Paulraj, M.A., B.Ed.
Sis. Serena Bevin, M.A., M. Phil., B.Ed.

ADVISORY BOARD
Adv. Jose Abraham
Adv. N. Balaji, B.Com., B.L.
Dr. S. Rabinder Boaz, M.S.
Er. C.G.S. Baburao, B.Tech., M.Tech. (DM)
Aud. K. Puratchivendan, M.Com., B.L.
Bro. Rajeswaran Samuel, B.Com.

PUBLISHER & PRINTER
Pastor S. SAM SELVA RAJ
Echo of His Call Printers
10, Mohammed Abdullah 2nd Street
Chepauk, Chennai- 600 005, India.
Phone : (+91-44) 2852 8282
2852 9293, 2854 7766
Cell : (+91) 98412 71858, 95661 31858
E-mail : sam@echoofhiscall.org
biblecor@yahoo.co.in
Websites :
www.echoofhiscall.org
www.echoofhiscall.com

God se mense is vandag 'n verdeelde klomp en werk nie saam nie. God is nie gelukkig daarmee nie. Alle Christene moet hulle verskille tussen denominasies en leerstellinge eenkant toe gooi en begin om mekaar te aanvaar en huleself te verootmoedig voor God as een afsonderlike ras. Voordat hierdie verandering intree, sal God nie luister na ons gebede en die pandemie beëindig nie. Die predikers van vandag se wêreld is tevrede om strelende boodskappe te preek oor TV kanale en aanlyn dienste te hou waarmee hulle vir hulleself bekendheid en 'n naam soek!

Dit is my vurige en nederige beroep op alle Christenleiers om hulleself te verootmoedig en te vergeet van hulle selfuitgedinkte leerstellings en hulle liefde vir rykdom en om te begin om mekaar lief te hê en eensgesind saam te bid afgesien van taal, godsdiens en kultuur. Hiervoor moet God goeie en onbesproke leiers vir elke land van die wêreld oprig, soos wyle dr. Billy Graham wat na vore gekom het om 'n verskil te maak in die wêreld deur afstand te doen van hulle eie behoeftes en gerief. Hulle moet hulle kragte en rykdom aanwend vir hierdie edele doel, soos die klein seuntjie wat sy vyf broodjies en twee vissies gegee het. "Hier is 'n seuntjie met vyf garsbrode en twee vissies" (Johannes 6:9).

Liewe broers en susters, ek voel julle kan die mense wees wat bevryding vir julle land kan bring! Moenie probeer om weg te skram van hierdie goddelike roeping nie. God soek iemand soos jy om die leiding te neem!!! Begin dus bid soos John Knox wat gebid het **O GOD, GEE VIR MY DIE LAND SKOTLAND! Neem anders my lewe!** God soek mense van hoë kaliber soos D.L. Moody, David Livingstone, John Anderson ens.

Laat ons eensgesind hande vat vir ons volke. God verwag een persoon soos jy om 'n verskil in die nasie te maak. In plaas daarvan om vir ander te preek, laat ons eers doen wat reg is! God sal jou volk verander deur jou!

Mag God julle seën.

Julle broer en dienaar in Christus Jesus,

S. SAM SELVA RAJ.

verv. van bls.1

altyd resultate kan verwag nie. Nee, dit moet altyd opgestuur word, want dis die magtigste wapen wat die Almagtige God aan ons gegee het. Dit is eintlik die asemhaling van ons werklike suksesvolle lewe!

Josua het na die dood van Moses die taak oorgeneem om die mense van Israel na die beloofde land Kanaän te lei. Die Here het vir Josua gesê: **"Hierdie wetboek moet die rigsnoer wees vir alles wat jy sê. Oordink dit dag en nag en sorg dat jy alles uitvoer wat daarin geskryf staan. Dan sal jy slaag in wat jy moet doen, jy sal voorspoedig wees** (Josua 1:8)**.** God het Josua opdrag gegee dat die wetboek nie uit sy mond mag wyk nie. Dit beteken hy moes altyd oor die Wet praat! Die Psalmis sê: **"maar (die mens) wat in die woord van die Here sy vreugde vind, dit dag en nag oordink"** (Psalm 1:2). Die Wet van die Here, die Woord van God moet die gedagtes en hart van 'n Christen beheers. As dit so is, kan ons saam met Paulus verklaar, "ek is saam met Christus gekruisig, en nou is dit nie meer ek wat lewe nie, maar Christus wat in my lewe. Die lewe wat ek nou nog hier lewe, leef ek in die geloof in die Seun van God wat sy liefde vir my bewys het deur sy lewe vir my af te lê" (Galasiërs 2:20).

Toe daar aan die beroemde prediker dr. Billy Graham gevra is, "Wat is die geheim van jou suksesvolle lewe?" het hy eenvoudig geantwoord, "Gebed". Toe dieselfde vraag vir die tweede keer gevra is, was die antwoord, "Gebed" en toe dit vir die derde keer gevra is, was die antwoord dieselfde, "Gebed". Dit was duidelik dat sy hele lewe en bediening gebaseer was op "Gebed". Vir 'n suksesvolle lewe is dit gebed en slegs gebed wat 'n mens na nuwe hoogtes neem.

Jesus het gesê, "Ek is die druiwestok, julle die lote. Wie in My bly en Ek in hom, dra baie vrugte, want sonder My kan julle niks doen nie" (Johannes 15:5). Die Here Jesus Christus is ons Skepper, Verlosser, Here en Meester, Regter en die Heilige Vader. Bly in Hom en dra vrugte!

Dinge wat gebede verhinder

Die psalmdigter sê, "As daar sonde in my hart was, sou die Here nie geluister het nie" (Psalm 66:18). Die persoon wat 'n gebed

Echo of His Call Bedieninge word ondersteun deur die inskrywings van lesers op die **Echo of His Call** tydskrif en vrywillige gawes van ons liewe vriende soos jy. God het 'n blymoedige gewer lief (2 Korintiërs 9:7). Deur alle middele, ten alle koste, op enige manier (1 Korintiërs 9:22) (A.V.)

rig, moet 'n rein hart hê. God antwoord op die gebed van iemand wie se hart rein en skoon is. Party mense vra die Here vir seëninge maar ontvang dit nie. Hoekom? Hulle wil hulle begeertes bevredig. God haat sulke gebede. "As julle bid, ontvang julle nie, omdat julle verkeerd bid: julle wil net julle selfsugtige begeertes bevredig" (Jakobus 4:3). In Hebreërs lees ons, "As 'n mens nie glo nie, is dit onmoontlik om te doen wat God wil. Wie tot God nader, moet glo dat Hy bestaan en dat Hy dié wat Hom soek, beloon" (Hebreërs 11:6). As iemand na God kom en 'n guns vra, moet hy/sy die geloof hê dat God dit kan voorsien. En as hy/sy nie so 'n geloof het nie, is dit onmoontlik om enigiets van God te ontvang.

"En wanneer julle staan om te bid, en julle het iets teen iemand, vergewe hom; dan sal julle Vader wat in die hemel is, julle ook julle oortredings vergewe" (Markus 11:25,26). Dus, voordat ons in die teenwoordigheid van God kom met 'n versoek, moet ons vergewe as ons enigiets teen enigiemand het. **God verwag 'n skoon en rein hart om 'n mens te seën.**

Bid met 'n rein en skoon hart

Hanna, die vrou van Elkana, was lank kinderloos. Hoewel haar man lief was vir haar, is sy verneder in die gesin. Haar gesin het na Silo gegaan om aan die Here te offer. Nadat die seremonie verby was, het Hanna wat bitterheid in haar siel ondervind het, tot die Here gebid vir 'n kind en het gehuil in haar ontsteltenis. Sy het 'n belofte aan die Here gemaak dat as Hy vir haar 'n seun sou gee, sy hom aan die Here sou gee om diens te verrig in die tempel. Eli, die priester wat haar dopgehou het terwyl sy bid, het vermoed dat sy dronk was. Toe hy haar berispe het, het sy haar hart uitgestort en vertel dat sy 'n vrou was met 'n bedroefde hart. Eli het haar pyn verstaan en gesê: "Wees gerus en gaan nou maar. Die God van Israel sal aan jou gee wat jy van Hom afgesmeek het". Sy het in vrede gegaan en haar gesig was nie meer so treurig nie. Op sy tyd het God haar 'n seun gegee, Samuel, die groot rigter en profeet van Israel. God het haar gebed beantwoord, want haar hart was rein en skoon!

Koning Josafat het in Judea geregeer. In daardie tyd het die konings van Moab, Ammon en die Ammoniete teen hom opgetrek. Toe hulle die groot menigte van vyandelike leërs sien, het die koning en sy mense gebewe. Die koning het dadelik 'n vas afgekondig en die Here gesoek. Die woord het deur Jagasiël, 'n Leviet, gekom, "Luister, mense van Juda, inwoners van Jerusalem en koning Josafat! So sê die Here vir julle: 'Moenie vrees nie, moenie bang wees vir hierdie groot menigte nie, want hierdie oorlog is nie 'n saak vir julle nie, maar vir God' " (2 Kronieke 20:15). Die Here het aan hulle 'n groot oorwinning gegee aangesien die vyandelike leërs mekaar doodgemaak het! Die veldslag was die Here s'n en die Here het aan die mense van Judea 'n groot oorwinning gegee toe hulle hulleself aan die Here onderwerp het en die hele volk 'n vas gereël het.

Esra, 'n priester, het in 457 v.C. van Babilon af teruggekom na Jerusalem met 'n groep van byna 2000 mense. Toe hy die morele en geestelike verval van die mense van Juda sien, het hy op sy knieë geval en sy hande uitgesprei na die Here God en gehuil. Hy het 'n vurige pleidooi voor die Here gemaak en bely dat hy en die mense van Juda gesondig het voor die Here en dat hulle met heidene vermeng het. Hy het met 'n berouvolle hart gepleit vir die Here se vergifnis (Esra 9:5,6). Die volk het hulle morele agteruitgang te bowe gekom.

Oor gebed het Jesus 'n gelykenis vertel. Twee mense het na die tempel van God gegaan om te bid. Een was 'n Fariseër en die ander een 'n tollenaar. Die Fariseër het gespog oor sy regverdigheid. Maar die tollenaar het homself verootmoedig voor God. Die Bybel sê, "Maar die tollenaar het daar ver bly staan en wou selfs nie na die hemel opkyk nie. Hy het bedroef op sy bors geslaan en gesê: 'O God, wees my, sondaar, genadig!" Die Here het gesê dis die tollenaar wat huis toe gegaan het as 'n regverdige en nie die ander man nie (Lukas 18:10-14). God antwoord op die gebed van 'n nederige hart.

BID GEDURIG!

My liewe kinders van God, ek neem julle nou na die volgende vlak in julle gebedslewe! **Die Here God Jesus Christus is gewillig om jou goeie vriend te wees. Hy wil jou graag help!** " 'n Vriend in nood is inderdaad 'n vriend!" Hy sal julle altyd help in julle nood. Moenie bang wees nie, Hy is nader aan jou! Ek ondervind sy vriendskap in my lewe. Jy behoort ook hierdie groot vriendskap te ondervind!

In die tuin van Eden het God vir Adam en Eva besoek in die

... verv. op bls. 6

GROOT OPDRAG-VENNOTE

OM TE DEEL (Galasiërs 6:2), **ONDERSTEUN** (Romeine 12:13) & **TE BESPOEDIG** (2 Timoteus 1:6)

GEBEDSPUNTE

Vanaf 19 November 2020 tot 18 Desember

(Haal asseblief hierdie blad uit, vou dit en hou dit in jou Bybel en bid voortdurend)

GOD IS AAN DIE WERK!

SAKE OM GOD VOOR TE LOOF

November 19: God se genesende hand is met ons liewe Broer Paulraj, Mederedakteur.

November 20: Die Here God het ons tot nou beskerm teen COVID-19.

November 21: God seën ons Aanlyn Sondagdiens.

November 22: God het ons Evangeliese literatuur in 16 tale geseën wat op ons Drukpers gedruk is en na die sendingvelde gestuur is.

November 23: God het ons in genade gehelp om onbereikte areas binne te gaan met die Evangelie in hierdie moeilike dae.

November 24: Ons ontvang goeie verslae van ons sendingvelde.

November 25: Laat ons ons Here prys vir elke senior lid van ons kerke.

November 26: Laat ons die Here ons God prys dat Hy alles suksesvol laat verloop by ons Evangeliese Drukpers.

November 27: Laat ons God loof vir ons BYBELKOR se Basiese Korrespondensiekursus en Teologiese Korrespondensiekursus.

November 28: Laat ons God prys vir al ons Koördineerders in die state.

November 29: Dank God vir die goedhartige geliefdes wat begin het met die ondersteuning van mense wat deur CORONA geraak is, en van ons dienswerk.

November 30: Laat ons ons God dank dat Hy ons in staat stel om die Woord van God te versprei onder baie gelowiges.

Desember 01: God het al die aktiwiteite van ons **Echo of His Call** Bedieninge in die laaste maand geseën.

Desember 02: Ons Here beskerm steeds ons Senior Pastoor S. Sam Selva Raj en sy gesin teen alle bose magte.

Desember 03: God het aan ons 'n paar nuwe medewerkers gegee.

SAKE OM GOD VOOR TE BID

Desember 04: Bid vir al die aktiwiteite van ons Echo of His Call Bedieninge gedurende die tyd van COVID-19.

Desember 05: Laat ons aanhou bid vir ons Engelse Mederedakteur, Br. M. Paulraj vir volkome genesing.

Desember 06: Bid vir die uitwissing van die CORONA-griep op die wêreld.

Desember 07: Laat ons God prys vir ons Gebedsvennote, lewenvennote, subskripsie-vennote en Groot Opdrag-vennote en hulle gesinslede.

Desember 08: Ons bid dat God goeie gesondheid sal gee vir ons Afrikaanse Mederedakteur, Sr. Marietjie Nelson.

Desember 09: Laat ons bid vir al die skoolkinders. Mag die Here vir hulle 'n blink toekoms gee.

Desember 10: Laat ons bid vir vrede in die grensgebiede van alle lande van die wêreld.

Desember 11: Bid vir die mense wat hulle geliefdes en besittings verloor het deur die Corona griep.

Desember 12: Bid vir 'n einde van alle geweld teen vroue en kinders.

Desember 13: Laat ons bid vir ons Bengali Mederedakteur, Br. Indrajit Roy vir goeie gesondheid.

Desember 14: dat God nuwe krag sal gee aan ons Koördineerders en Pastore.

Desember 15: Laat ons bid vir die Eerste Ministers, Hoofministers en Lede van die Parlement in alle lande van die wêreld.

Desember 16: Bid dat God meer toegewyde werkers na Echo of His Call sal bring.

Desember 17: Bid vir die finansiële behoeftes van ons bedienings.

Desember 18: Bid dat God sal aanhou om ons pastoor S. Sam Selva Raj, sy gesin en span te beskerm teen alle bose magte.

verv. van bls.4

aandkoelte. God wou gemeenskap hê met die mense, dus het Hy hulle besoek! God was bly om hulle in die tuin te onmoet. God het hullle gesag gegee om oor alles op die wêreld te regeer. Maar helaas! Die eerste paartjie het in sonde geval deur van die verbode vrugte te eet. Die gemeenskap is beëindig!

Aangesien God daarvan gehou het om vriendskap te hê met sy mense, het Hy met mense soos Henog, Noag, Abraham, Isak, Jakob, Moses en ander gepraat. God was verheug om Homself die God van Abraham, Isak en Jakob te noem! Watter groot voorreg het hulle nie gehad nie!

Om 'n vriendskap te sluit, is maklik, maar om dit vol te hou, is nie aaltyd so maklik nie! 'n Mens moet dalk 'n hoë prys daarvoor betaal. 'n **Mens kan nie werklike egte vriendskap met God volhou deur eenvoudig die Sondagdiens by te woon en een of twee ander vergaderings in die kerk gedurende die week nie.** Om die Bybel te lees, stiltetyd deur te bring met die Here, is goed maar nie genoeg nie. Die Here wil jou volle tyd hê en nie af en toe 'n afspraak nie!

Ons voorouers en apostels het al hulle tyd met God deurgebring. Die vraag doen hom voor, "**Kan ons al ons tyd met God deurbring?** 'n Mens kan sê dit mag mooontlik wees vir iemand wat 'n voltydse dienaar van God is, maar wat van die ander?" Dis 'n goeie vraag, maar die antwoord is eenvoudig. 'n Mens kan God se dienaar wees al het jy 'n gesin, is jy 'n onderwyser, 'n staatsamptenaar, 'n fabriekswerker of 'n bankklerk, of 'n dagloner; wie ook al, hy/sy kan altyd in gebed met God wees!

Ons Here God is ons Vader in die Hemel. 'n Vader luister altyd na sy kinders. Net so is ons hemelse Vader gewillig om na ons te luister – wat ons nodig het; ons harte en gedagtes moet altyd in gemeenskap met God wees! Die gedagte aan God en sy woorde behoort altyd oorheersend in ons gedagtes te wees. As ons besig is met 'n werk of met iemand praat, behoort die lof van God uit ons hart te kom. Ek het al mense gesien wat God prys te midde van hulle werk en terwyl hulle met ander mense praat. Vir hulle kom lof spontaan uit die hart! Dit is die lewenswyse van godvresende mense en hulle bid gedurig! Natuurlik moet elkeen 'n aparte tyd hê vir gebed. Dit is ook nie verskillend nie! Om tot God te bid vir alles moet uit ons hart en gedagtes kom en dit behoort nie uit ons mond te wyk nie!

Die Bybel sê, "Bid sonder ophou" (1 Tessalonisense 5:17-19). Dit bring vreugde en geluk. Ons behoort die Here in alles te dank. Wat 'n wonderlike voorreg! Dit is die dure plig van elke Christen. Dit sal op 'n misterieuse manier seëninge bring! Dit verseker ons gehoorsaamheid en onderworpenheid aan die Here ons God.

As ons voortdurend in aanraking is met God, kry 'n mens die ondervinding dat jy in sy vriendelike teenwoordigheid kom. Dit sal jou na die volgende vlak van jou gebedslewe neem! Jy sal 'n nuwe toerusting kry en die gawes van die Heilige Gees. Mense sal na jou getrek word en jy sal 'n kanaal van seën word vir baie mense.

Moses was by die Here vir 40 dae en nagte op die berg Sinai. Toe hy afkom, het sy gesig geblink en die mense van Israel kon nie na hom kyk nie. Hulle het hom gevra om sy gesig te bedek voordat hy met hulle praat. Net om in die teenwoordigheid van die Here te wees vir 'n lang tyd het sy gesig laat blink!

Omtrent 20 jaar gelede toe ek in 'n voorstedelike trein gereis het, het ek 'n blinde man gesien wat besig was om in 'n melodieuse stem 'n lied tot die Here te sing in die bewegende trein. Hy was besig om te sing om iets te verdien waarop hy kon lewe! Tussen die liedere het hy die Here uitbundig geloof! Hy was altyd in gemeenskap met God. Sy gesig was kalm en vol vrede. Hy was besig om voortdurend te bid!

Ek het die voorreg gehad om 'n man van God te ontmoet wat in Tsjennai gewoon het. Hy was niemand anders as my Pastoor M.K. Sam Sundaram. Sodra ek sy kamer binnegekom het, het 'n goddelike vrede my omvou en ek sou in ekstase wees. Dit kan nie verklaar word nie! Hy was altyd in gebed en in gemeenskap met God. Hy was 'n kanaal van seën vir duisende mense. Watter voorreg om so 'n groot man van God te ontmoet!

My liewe vriende wat jou situasie ook al mag wees, bid gedurig tot God uit die diepte van jou hart. Ons God is vir ons 'n vriend; Hy is ons Vader. Kom na Hom toe met 'n rein en berouvolle hart. Bid gedurig, voel sy teenwoordigheid werklik aan. Jy sal 'n nuwe toerusting kry en die gawes van die Heilige Gees en sien dat dit deur jou werk! Jy sal 'n kanaal van seën word vir baie mense. God sal jou verhef. Bid altyd en word verhoog!

****

'n Spesiale Verslag

Ons ontvang getuienisse en verslae oor ons YouTube-boodskappe uit verskeie lande van die wêreld ssoos Sri Lanka, Indië, Suid-Afrika, die VSA, Kanada, Engeland, Skotland, Frankryk, Duitsland, Australië, Singapoer, ens. Ons publiseer hier sommige daarvan.

Suid-Afrika - 1

Die diens en boodskap is inspirerend. Die tegniese aspek is baie goed en verbeter nog elke keer. Mag die seën van die Here met elkeen wees wat betrokke is. Groete en liefde aan almal. Ons bid soos jy versoek. Ons liefde aan jou dierbare medewerkers. – *Mev. Elbina Smith.*

Suid-Afrika - 2

Groete in die naam van die Here Jesus Christus. Jy doen 'n fantastiese werk vir ons Here en sy mense om jou boodskap in Hindi – Engels – Tamil op die lug te plaas. Dit is 'n geweldige seën en 'n geleentheid om God se mense te versterk. EK Sê GAAN AAN DAARMEE; ONS SAL VIR JOU BID. - *Br. Leny Gengen*

Suid-Afrika - 3

Liewe Pastoor Sam, Dankie vir jou kragtige getuienisse in jou YouTube-dienste. Ja, wanneer God iemand genees deur gebed, is dit perfek. Toe jy 'n vliegtuig verpas het toe jy moes gaan werk vir God in 'n ander stad in 'n vreemde land, het Hy, die Almagtige die vliegtuig laat stop .... die sang en die prediking was ryke seëninge. Baie dankie. Ons bid vir jou en vir Br. Paulraj wat gebed nodig het. Ons hou jou en jou span in ons gebede. – *Mev. Miems Kok*

Engeland

Liewe Pastoor, hou aan met die goeie werk. Dit is baie positief, Pastoor. Die evangelie moet in al die lande van die wêrreld verkondig word, dan sal die einde kom. Dit is 'n groot geleentheid vir **Echo of His Call** en vir jou, Meneer. Gaan voort daarmee. *Ds. Dr. Fitzroy*

Singapoer

O, baie dankie, Pastoor Sam! Ons waardeer werklik jou visie en harde werk in die verspreiding van die heerlike evangelie aan die hele wêreld. Op alle maniere, ten alle koste, op enige en elke manier. Ons is met jou. - *Aartsbiskop Xuan Eugine*

Skotland

Oom, ons sal jou en jou bedienings sekerlik in ons gebede onthou. Mag ons God jou lei en jou sy wysheid gee. – *Sam and Anita*

Australië

Hi Sam en almal. Dis altyd 'n plesier om julle opgewekte jongste nuus te hoor. Dis goed om te hoor dat ten spyte van die Covid-19 ramp jy veilig is en aanhou om die Here te dien. Dis wonderlik dat jy YouTube-dienste vir jou gemeente gebruik. Mag hierdie bediening floreer. Ja, laat ons almal Jesaja 43:19 aangryp en glo vir 'n beter toekoms, een wat vas staan op die fondament van Jesus.

"Kyk, Ek gaan iets nuuts doen, dit staan op die punt om te gebeur, julle kan dit al sien kom; Ek

Ons bankbesonderhede in Suid-Afrika

U blymoedige gawes kan gestuur word aan Echo of His Call Ministries vanaf enige plek in Suid-Afrika. Dit kan inbetaal word in ons bankrekeninge soos hier onder verstrek. As u aan ons ook die besonderhede stuur van u debietorder/oorbetalings/oordrag, sal dit moontlik wees om aan u 'n kwitansie uit te reik.

Ons bankbesonderhede:

ABSA BANK : Echo of His Call Missions
BANKKODE: 334515 REKENINGNO: 905 129 1908
TAK: JEFFREYSBAAI KONTAKPERSOON: Mev Elbe Smit
Tel: (042) 296 1337 Sel: 084 813 2554
e-pos: miemie60@telkomsa.net
Address :
SIS. ELBINA SMITH
DR. A. D. KEET STREET, WAVECREST,
JEFFREYS BAY 6330.

Meld asb. u naam en naam van u dorp/stad op die bankdepositostrokie wanneer u donasies deponeer

maak in die woestyn 'n pad, Ek laat in die droë wêreld riviere ontspring" – *Ds. Dr. Robert McQuillan.*

Tsjennai, Indië --1

Dankie, Pastoor Sam. Ek is geweldig geseën deur jou aanlyn Sondagdiens. Die liedere was goed. Veral die koor, "Mag die naam van die Here geseënd wees" was uitstekend. Die telkense verandering in toon het die skoonheid van die lied verhoog. Ek wens jy kan aanhou om oor die bloed van Jesus te praat. Dit sal beslis die gelowiges versterk om meer geloof te hê in die bloed van Jesus. Ek bid vir jou dat God jou sal gebruik om jou kerk in die regte rigting en tot die volgende vlak te neem in hierdie laaste dae. - *Maranatha. Sven Peter, Musiekdirekteur.*

Tsjennai, Indië -- 2

Ek het geluister na sowel die Engels – Tamil as die Engels – Hindi diens. Die bodskappe was baie bemoedigend en opbeurend wat baie waardeer word in hierdie tyd, veral vir hulle wat hulle projekte / planne moet uitstel. Loof God wat jou hierdie Gees van Profesie gegee het. Ek was regtig beïndruk deur jou getuienis dat jy gedurende die tyd wat jy in die staatsdiens was, nie een keer geswig het vir versoeking en sonde nie. Ek loof God daarvoor. Dit is baie skaars en merkwaardig. Jy het jouself afgesonder en heilig gehou vir die Here. Dit is hoekom God jou begunstig het en jou op 'n heerlike manier gebruik.

Dis 'n goeie idee om 2 aparte aanlyn dienste te hê. Dit neem minder tyd in beslag om deel te neem, en mense kan kies tussen Engels – Tamil & Engels – Hindi. (Danksy die gevorderde tegnologie). Deur te kyk na Engels-Hindi, leer ek ook baie Bybelse woorde in Hindi. Mev. Jula Anand *(Dogter van wyle Br. J.R. Soundara Raj, mentor van Pastoor S. Sam Selva Raj in die sewentigerjare).*

Tsjennai, Indië --3

Dit was 'n betekenisvolle aangiddinsdiens, Pastoor! Engels, Tamil en Hindi weergawes – 'n wonderlike drietaal formule, Pastoor. Of God jou 'n visie gee , of 'n missie, Hy voorsien altyd vir jou daarin. 'n Baie aanmoedigende en motiverende punt, Pastoor. Julle sang is baie melodieus en betekenisvol. - *Dr. Richard Samuel, Professor in Engels.*

Tsjennai, Indië --4

Ons is baie dankbaar teenoor die Almagtige HERE, Pastoor, soos Hy aan Abraham beloof het in Genesis 12:2. Laat Hy jou meer gebruik en jou bediening uitbrei tot die noordelike deel van ons land. Ek bid dat die HERE, die Almagtige, julle seun, ds. Alex Samson Sam en die ander suster wat vir jou vertaal, met net soveel toerusting sal gebruik. Laat daar nuwe mense toegevoeg word tot sy Koninkryk. Dit is my Gebed. Dankie Pastoor. - *Jochin Selvaraj*

Andhra Pradesj, Indië.

Wonderlike boodskap, Broer, want jy het net gepreek oor dit waarvoor ek gebid het. Waarlik, ek glo dat God my sy belofte gegee het dat ek my doel sal bereik. Ek het twee keer na jou boodskap gekyk. Terwyl ek gekyk het, het ek aanmekaar gesê "Amen" en "Amen". God het my werklik versterk. Dankie en ek hoop ons kry meer en meer boodskappe van God vir ons deur jou. – *Mev. Mary Susan*

****

Bid asseblief

TEOLOGIESE KORRESPONDENSIE- KURSUS

Doen **'n** Kursus oor die Pos in Teologie in Engels en Tamil en word **'n** geestelike dienaar binne **'n** paar weke! Sertifikaat in Bediening

Vir besonderhede: Die Sekretaris
Theological Correspondence Course,
Echo of His Call,
10, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai – 600 005.
PHONE: (044) 2852 8282, 2852 9293, Cell: 98410 71852.
E-mail : biblecor@yahoo.co.in / sam@echoofhiscall.org

'n Vriendelike Versoek

Soos julle almal weet, sukkel ons om te voorsien in verskeie behoeftes, soos die personeel se salarisse, uitgawes vir die aankoop van papier en ook reisuitgawes. Gewoonlik vra ons nie mense om ons te help met ons finansiële behoeftes nie. Maar ons versoek diegene wat waarlik lief is vir hierdie bediening om julle offergawes te stuur deur Phone Pay, NEFT of enige ander manier en ons bediening te ondersteun. Die Here sal julle sekerlik seën. Vir besonderhede, bel +91 9841071858.

Redakteur,
Echo of His Call.

PUT TOT PALEIS

(Lewenservaringe van Pastoor S. SAM SELVA RAJ.)

“ -wie dit lees, moet dit goed begryp- ” Matteus 24:15.

“Verheug julle hieroor, selfs al is dit nodig dat julle 'n kort tydjie bedroef gemaak word deur allerhande beproewings” (1 Petrus 1:6)

Vir die mense van die wêreld is dit natuurlik om ’n lewe te lei sonder stryd en harde werk. Maar dis ’n feit dat ons nou sekere moeilikhede ondervind. Niemand kan daaraan ontsnap nie. In die Bybel staan, “dat julle 'n kort tydjie bedroef gemaak word deur allerhande beproewings**”.** Dit kan ook geïnterpreteer word as, “indien nodig, vir ’n kort tydjie bedroef gemaak deur verskillende sorge” (1 Petrus 1:6).

Dit kan nie ’n oordrywing wees nie dat slegte mense, ongunstige omstandighede in die gesin, en ’n vyandige gemeenskap vir goeie mense soms pyn veroorsaak. In plaas daarvan om ons te verset teen die tydelike dinge soos slegte mense en vyandige omstandighede, moet ons die plan van God en sy seëninge visualiseer wat nou vir ons oë verborge is en moet ons alles doelbewus en geduldig verduur. Ons moenie plek maak vir ongeloof en wanhoop nie. Hiervoor het ons die goedheid en genade van ons grote God nodig. Deur die genade van God kon ons in die afgelope 51 jaar baie artikels aanskaf en geboue opsit vir die **Echo of His Call Bedienings.** Om al hierdie dinge te bereik, moes ons baie moeilikheide oorkom.

Vir ons Hoofkantoor, het die Here aanvanklik vir ons ’n klein gebou gegee. Deur dit te gebruik, kon ons baie goeke werk doen tot eer van die Here. Aangesien die mense wat naby ons gewoon het, nie-Christene was, was ’n paar van die goed geleerde en ryk mense meesal nie ons teenwoordigheid daar goedgesind nie. As iemand in hulle huise siek geword het, of daar het barste verskyn of water het deurgesypel in die mure van hulle geboue vanweë ouderdom, of reioolblokkasies of elektriese foute het voorgekom, het hulle altyd op ons as ’n gesin geskree of ons geteister met die hulp van plaaslike leiers. Die hoofrede vir al hierdie dinge was dat hulle geglo het dat soos ons die Here aanbid, hulle gode oneffektief word.

Om ’n voorbeeld te noem, eenkeer was daar ’n paar krake in die muur en water het deurgesypel in die mure van die aangrensende huis vanweë ouderdom. Die eienaar van daardie huis en sy gesin saam met die plaaslike leiers het die skuld op ons gepak en gesê dat die gebou beskadig is deur die vibrasie veroorsaak deur die geluid van die aanbiddings-musiek elke Sondag tydens die kerkdiens en Kinderbediening.

Hoewel ons op geen manier betrokke was by daardie 'probleme' nie, het hulle aangehou om ons lastig te val, en het ons geen ander keuse gehad nie as om hulle ou mure te vervang saam met die water- en rioolpype en elektriese verbindings. Op dié manier het ons moeilikheid ondervind en baie stres verduur.

Ons medewerkers en familie het vir my begin vra, “Hoekom is julle so geduldig en vervang julle die mure van julle bure se huis met ons geld? Hoekom laat julle toe dat julle bedrieg word? Hoekom tree julle nie teen hulle op nie?” Ek was geduldig en rustig in my gemoed en het aangehou bid tot die Here.

My antwoord aan hulle was soos volg in die geloof:

“Die huidige spasie wat ons het vir ons dienswerk is nie voldoende nie. Ons benodig meer ruimte. Ons het onder druk geld gespandeer vir die aangrensende gebou. Die bedrag wat ons nou gespandeer het, sal in ’n beter vorm terugkom na ons. Die goed wat ons nou gekoop en aan hulle gegee het, sal na ons toe terugkom. Elke sent wat ons gespandeer het, was die Here s’n. Dit sal beslis so werk. Wanneer die tyd aanbreek, sal ons die hele eiendom koop en verbind met ons bestaande sendinggebou. Wees geduldig en kyk net.”

Die dae het verbygegaan. God het my woorde van geloof in ere gehou. Suiwer deur die genade van God het die aangrensende huis op die mark gekom. Ons was in staat om die prys te betaal en het dit aangeskaf en verbind met ons eie gebou. Die Here het ons in staat gestel om sy dienswerk in groter spasie te verrig. Die dinge wat ons aangekoop en gebruik het vir hulle gebou het alles na ons toe teruggekom. Alle eer aan God!

Geliefdes in Christus, julle mag dalk vir ’n klein rukkie moeilikheid en pyn ondervind. Moenie moedeloos word nie. Die Bybel sê, “sodat die egtheid van julle geloof getoets kan word. Julle geloof is baie kosbaarder as goud, goud wat vergaan. Selfs die suiwerheid van goud word met vuur getoets en die egtheid van julle geloof moet ook getoets word, sodat dit lof en heerlikheid en eer waardig mag wees by die wederkoms van Jesus Christus” (1 Petrus 1: 7).

****

RNI TC NO. TNAFR/2007/21215, Postal Regn. No. TN/CH/(C)/127/19-21

ECHO OF HIS CALL

Maandelikse tydskrif in 16 tale, Bybelkolleges, Korrespondensiekursusse, Kerkplanting, Village English High School, Evangeliese Drukpers, Veldtogte, Seminare, Sosiale dienste, ens.

Jaarlikse intekengeld: Rs. 100/-

Lewenslange intekengeld: Rs. 2000/-

Die uiteenlopende aktiwiteite van **Echo of His Call Bediening** word ondersteun deur vrywillige offergawes en donasies van kinders van God soos jy. Jy kan **Echo of His Call** en sy aktiwiteite ondersteun soos die Here jou lei. Ons het jou hulp nodig om die Evangelie uit te stuur na die onbereikte mense en kerke te plant.

As jy graag die **ECHO OF HIS CALL** tydskrif gereeld wil ontvang, skryf asseblief aan ons. As jou pos- of e-pos-adres verander, stel ons asseblief in kennis van jou ou en nuwe adres.

Echo of His Call is ook in 16 tale beskikbaar op ons webblaaie. Jy kan dit lees deur op die blad in te gaan sowel as deur dit af te laai, en so geseën word.

Jou briewe, gebedsversoeke en jou finansiële steun (deur debietorders, tjeks, ens.) kan gestuur word na **ECHO OF HIS CALL** by die adres hieronder.

Stuur asseblief jou landlynnommer / selfoonnommer en e-posadres vir opdatering.

ECHO OF HIS CALL

10, MOHAMMED ABDULLAH 2nd STREET,
CHEPAUK, CHENNAI - 600 005, INDIA.
PH: (+91-44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766,
Cell: (+91) 98410 71852, 95661 31858
E-pos: sam@echoofhiscall.org / biblecor@yahoo.co.in
Webblaaie: www.echoofhiscall.org / www.echoofhiscall.com

JY KAN OOK JOU DONASIES AANLYN STUUR

BID ASSEBLIEF VIR ONS BEDIENINGE BY DIE HOOFKWARTIER

1. Gebedsdiens : 24 uur
2. Bybelkor BybelKorrespondensiekursusse: Engels, Tamil en Hindi
3. ECHO OF HIS CALL - Maandblad: Engels, Tamil, Malayalam, Telugu, Hindi, Kannada, Marathi, Gujarati, Bengali, Odiya, Nepali, Assamees, Punjabi, Urdu, Singalees & Afrikaans.
4. Nehemia Bybelkolleges (Twee sentrums)
5. Teologiese Korrespondensiekursus in Engels en Tamil
6. Groot-Opdragvennote
7. Opleidingsprogramme
8. Filmbediening en Veldtogte
9. Literatuurbediening en opvolg
10. Evangeliese Drukpers Publikasies
11. St. Paul's Matriculation School - Village Engelse Hoërskool
12. Sondagskool : 8.30 vm. & 4.00 vm. Sondag
13. **Tamil dienste : 5.30 vm. 7.00 vm. & 10.00 vm. Sondag**
14. **Malayalam diens : 3.00 nm. Sondag**
15. **Telugu diens : 4.00 nm. Sondag**
16. **Hindi diens : 5.00 nm. Sondag**
17. **Engelse en Tamil dienste : 6.00 nm. Sondag**
18. Traktaatjieverspreiding : 2.30 nm. Sondag
19. Berading deur Pastore : 4.00 nm. Sondag
20. Vrouebiduur : 5.30 nm. Woensdag
21. Midweek Aanbiddingsdiens : 6.30 nm. Woensdag
22. Mannebiduur : 7.00 nm. Vrydag
23. Saterdagdiens : 5.00 nm. Saterdag
24. Werkersvergadering : 6.00 nm. Saterdag
25. Huisvergaderings : 6.30 nm.Dinsdag & Donderdag
26. Spesiale heilige Nagmaal : 5.30 vm. 1ste dag van die maand
27. Ouers se gebedsbyeenkoms : 4.00 nm.Eerste Sondag
29. Nagtelike gebedsbyeenkoms : 9:30 nm. Eerste Vrydag
28. Vastende gebed : 9.30 vm. Tweede Saterdag
30. Heilige Nagmaal : Tweede Sondag dienste
31. Oggendgodsdiens : 5.00 vm. daagliks
32. Personeelgodsdiens : 9.00 vm. daagliks
33. Kantoor : 9:00 vm. tot 9:00 nm. (behalwe Sondae)

Regd. With the Registrar of Newspapers for India under No. TNAFR/2007/21215
Postal Regn.No. TN/CH/(C)/127/19-21
Date of Publication: First week of every month
Date of Posting : 3rd & 4th of every month
Posted at "Egmore RMS / 1 Patrika Channel" on 4th NOVEMBER 2020
If un-delivered please return to:
ECHO OF HIS CALL (AFRIKAANS)
P.O. Box No. 2957,
Chepauk, Chennai - 600 005, INDIA.
Phone: (+ 91- 44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766

JESUS HET JOU LIEF!

Aan

GOD SEËN JOU!

Owned and published by **S. Sam Selva Raj** from Old No.18, New No. 10, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai-600 005 and printed by him at **Echo of His Call Printers** Old No. 18, New No.10, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai-600 005. Editor: **S. Sam Selva Raj.**